

Afrikaanse huldigingsbundels: hulsels van plastiek?

Joan Hambidge

Vanweë die onbewuste (Charles Malan & H.P. van Coller)

Uit liefde en ironie (Hans Ester & Ernst Lindenberg)

Op die wyse van die taal (Rouston Gilfillan & Abraham de Vries)

Lewe met woorde (Henriette Roos)

1

Huldigingsbundels kan binne die Afrikaanse literêre tradisie vergelyk word met die goue horlosie wat 'n sakeman ná jare se diens ontvang. Oor die gehalte durf die jubilaris hom/haar nooit uitlaat nie; dis immers 'n *cadeau*. Maar rondom die samestelling van huldigingsbundels was daar die afgelope paar jaar sóveel onaangenaamheid dat die leser – en veral die *kritiese* leser – nie anders kon as om te sê: *Die uurwerk kantel*.

Die oorspronklike bedoeling van die huldigingsbundels wat, soos die naam sê, moet *huldig*, word deur die samesteller(s) alte dikwels geïgnoreer. In terme van dié oogmerk behoort alle vriende/kollegas/studente van die jubilaris in ag geneem te word. Ongelukkig word ons tans bewus gemaak van 'n bedenklieke praktyk: die samesteller(s) – vanweë literêre politiek en nie uit liefde en ironie nie – besluit eerder *wie* sal deelneem aan sy/haar boek. Hoe die arme hoogeëerde nooit volprese jubilaris moet voel, kan ek my net voorstel: soos iemand wat 'n Rolex verwag en 'n goedkoop horlosie ontdek? Op die wyse van literêre goeie maniere laat hierdie persoon hom gelukkig nooit uit oor dié kwessie nie. Al beseft hy/sy die meeste vriende het nie die gastelys gehaal nie, moet daar steeds dank betuig word. Ongelukkig vir die samesteller(s) is daar gaste wat sê: *Ons is nie almal so nie*.

2

Vier huldigingsbundels wat onlangs op my lessenaar beland het, is *Vanweë die onbewuste*, die huldigingsbundel vir Etienne Leroux by geleentheid van sy vyf-en-sestigste verjaarsdag (samestellers: Charles Malan & H.P. van Coller; Haum-Literêr, 1987); *Uit liefde en ironie*, 1990, die huldigingsbundel vir Eybers, uitgegee deur Human & Rousseau/Tafelberg, met redakteurs Ernst Lindenberg en Hans Ester; *Op die wyse van die taal*, 1989, die huldigingsbundel vir Merwe Scholtz, saamgestel deur Abraham H. de Vries en Rouston Gilfillan met Vlaeberg as die uitgewer. Vir Eybers was dit 'n liefdevolle geskenk met haar vyf-en-sewentigste verjaarsdag en by Scholtz ter viering van die vyf-en-sestigste. *Lewe met woorde*, 1991, is saamgestel deur Henriette Roos en uitgegee deur Tafelberg.

Vir die kritikus ontstaan daar etlike *kritiese* probleme: behoort 'n mens só 'n bundel *überhaupt* te resenseer? Is dit nie bedoel vir die jubelende jubilaris

se boekrak – en sy/haar enkele vriende nie? Tog is dit so dat daar die afgelope paar jaar sóveel wanpraktyke rondom hierdie bedryf ontstaan het dat 'n mens sekerlik nou die kwessie moet aanspreek. Huldigingsbundels onthul nie; hul verhuul. Vele medewerkers of eerder potensiele medewerkers word oor die hoof gesien omdat die samestelling iets van 'n allerlaaste woord spreek. Die oplossing sou sekerlik wees om met die persoon self te praat; te hoor hoe sy oor die samestelling voel óf wat hy van die seleksie dink. Veral gedagtig aan die feit dat twee prominente kreatiewe en twee belangrike kritiese skrywers nie na behore beloon of bekroon is nie.

3

Dames eerste. En Elisabeth Eybers as senior skryfster dan heel eerste. Oor Eybers se bydrae binne die Afrikaanse poësie deur al die dekades heen word daar nie meer geredekawel nie. Eybers is dáár en haar invloed op 'n korpus van jonger Afrikaanse digters (Lucas Malan, Johann de Lange, die uwe, Chris Lombaard en andere) spreek duidelik. 'n Mens kan jou *nie* die Afrikaanse poësie sónder 'n Eybers voorstel nie en juis omdat sy al haas drie dekades buitelandse vertoef, is die prestasie des te groter.

Uit liefde en ironie steek egter sleg af by haar voorganger, *Ter wille van die edel spel* (onder redaksie van M. Nienaber-Luitingh) wat in 1975 aan Eybers oorhandig is ter viering van haar sestigste verjaarsdag.

Trouens, *Ter wille van die edel spel* bly ná al die jare nog steeds 'n kritiese mylpaal. Ofskoon vele van die artikels vir die gedeë en gedugte literatuurwetenskaplike vandag 'n bietjie outyds mag aandoen, bly dit sober, netjiese essays. Hierteenoor is die *Liber amicorum* 'n "lucky dip" gevul met praatjies (wat die persoonlike leser én verveel én embarasseer) en oppervlakkige stukkies. Insgelyks vind ek Marlene van Niekerk se "Wespark revisited" minder; ironies genoeg bewys hierdie parodiese poging welke groot digteres Eybers eintlik is. (Waarom, terloops, is werklike Eybers-aanhangers en -epigone nie gevra om bydraes te lewer nie? Dink hoe goed sou Daniel Hugo óf Lina Spies¹ hier kon inpas. Of is dit nie vriende-van-die-samestellers nie?) Gelukkig is Van Heerden en Stockenström daar met goeie bydraes. Eybers beskou albei hierdie digters as puik skrywers.

'n Mens se eerste indruk by die lees van hierdie bundel is dat die Afrikaanse bydraes beslis nie by die Nederlandse stukke afsteek nie. In die geheel gesien is die bydraes teleurstellend. Ena Jansen se *essay* "Eybers die vreemde eend" kan wel uitgesonder word as 'n deeglike, verantwoorde stuk kritiek. Me. Jansen argumenteer dat Eybers in 'n soort tussentaal dig, en sy voel dat sowel die Afrikaanse as die Nederlandse leser méér aandag aan die talige en referensiele aspekte behoort te gee. Hoewel Eybers 'n Afrikaanse skrywer is, woon sy al so lank in Nederland dat die dekodering van die verse nie meer vir die Afrikaanse leser 'n voor die hand liggende proses is nie. Die Nederlandse leser kom weer voor 'n ander stel probleme te staan: Afrikaans verskil wesenlik van Nederlands.

Gerrit Olivier gee weer 'n sensitiewe *close reading* van *Rymdwang* ("By die lees van *Rymdwang*"), terwyl 'n gevoelige Eybers-leseres, M. Nienaber-

Luitingh, 'n goeie stuk lewer met "Elisabeth Eybers: tussen Suid-Afrika en Nederland". 'n Mens kan immers nie die poësie van Eybers lees *sonder* om die werklike ervarings en persoonlike geskiedenis te verreken nie en Nienaber-Luitingh gee 'n goeie, ewewigtige behandeling van die feite.

Nienaber-Luitingh is 'n knap stilis en haar sobere reaksie op die Eybers-*oeuvre* sal sekerlik nié die "hard-line" literatuurwetenskaplikes opgewonde maak nie, maar as 'n afgewerkte, netjiese *essay* deug dit beslis. Van so 'n gedeë kritikus kan dit dan ook nie anders nie. Miskien is hierdie stuk 'n goeie les vir jonger kritici wat dikwels met *jargon* wil dweep dat dit net die leser vervreem van die letterkunde.

Lina Spies se bydrae heet: "Die vindingryke en verguisde aanspraakmaker. Elisabeth Eybers se godsdienssiening". Spies bewys D.J. Opperman se siening verkeerd dat Eybers geen orgaan vir die religieuse soeke het nie. In Opperman se eie woorde: "Dit is opvallend dat die lewensbeskouing van die pastorie waarin Elisabeth Eybers grootgeword het, feitlik geen regstreekse uiting in haar poësie vind nie. Dit is asof sy sonder veel moeite of opstand daarvan afskeid geneem het. . . asof sy geen orgaan vir die 'religieuse soeke' besit nie" (*Digters van dertig*, 1953/1962, p. 372). 'n Mens is bly vir Spies se korrektheid. Opperman was insgelyks verantwoordelik vir die enigsins chauvinistiese uitspraak dat Eybers die "vroulike aanvulling" tot Dertig was!

Spies wys op die invloed van die domineevader in sy rol van "goedgesinde en alwyse despoot" en die invloed wat dit op die digteres se lewensbeskouing gehad het. 'n Mens kan eweneens akkoord gaan met die verband wat Spies lê tussen Eybers en Emily Dickinson en 'n vergelykende studie tussen die twee digteresse behoeft 'n studie op sigself.

Helize van Vuuren se "'Met raakgeplante vuis': 'n klein ondersoek na die aard van politieke poësie" maak 'n goeie voëlvlug van 'n paar gedigte wat geskryf is na Steve Biko se dood. Sy gee veral aandag aan Eybers se vers "Regspraak" (uit *Bestand*) wat handel oor Biko se dood. Van Vuuren se bespreking wentel rondom die hele debat van die verskille tussen die sogenaamde "Memorable aesthetic poem" versus die sogenaamde "disposable political poem". Van Vuuren konkludeer dat die sosiale realisme of antipoëtiese beskrywing *nie* die enigste saligmakende weg is nie. Sosiale realisme kan selfs gesien word as gevaarlik vir die poësie wanneer dit in eenselwigheid resulteer – soos wat dit alte dikwels én onafwendbaar die geval is. Vir haar is die volgende gevolgtrekking te maak: metaforiese taalgebruik en aanwending van tradisionele beelding soos die metafoer en simbool sal steeds 'n kernrol bly speel in politiese vormgewing: óók in politieke poësie. En dit is wat die Eybers-gedig by uitnemendheid illustreer: 'n politiek-betrokke vers moet steeds in suiwer metaforiek verwoord word; die betrokkenheid daarvan verskoon nie die digter van vakmanskap nie.

Oor die ander bydraes gee ek nie hoog op nie. Of dit bly enigsins niksseggend óf té intiem-onthullend. 'n Bundel is dit wat maar sleg afsteek by sy voorganger, *Ter wille van die edel spel*.

vriende, dan is die Elize Botha-huldigingsbundel 'n wanvoorstelling van vriende én kollegas se waardering vir hierdie voorste prosakritikus in Afrikaans. *Lewe met woorde* (onder redaksie van Henriette Roos) is lieflik uitgegee, maar by die lees van hierdie versameling meen ek dat een van die mees gesiene figure in ons letterkunde nie ten volle vereer word nie. Haar Unisa-kollegas én literêre vriende – soos P.H. Roodt, Rialette Wiehahn, A.P. Grové, Rouston Gilfillan, om enkele name naas Réna Pretorius uit te sonder – skitter in hul afwesigheid. Is Merwe Scholtz en T.T. Cloete, om F.I.J. van Rensburg ook nie te vergeet nie, enigsins genader? Hul was immers hár “stilistiese” tydgenote.

Indien daar ooit 'n kanttekening/verskoning/verduideliking by 'n publikasie behoef is, dan is dit hiér. Sowat van onverskilligheid het die Afrikaanse literêre kritiek lánklaas beleef. Dan is daar op die koop toe *essays* geplaas van kollegas wat Elize Botha *nie* vriendelik gesind is nie. Gerrit Olivier het in die vroeë tagtigerjare in *Die Vaderland* van die mees neerhalende kritiek op Botha se kritiek én haar ideologiese ingesteldheid uitgespreek. Minder as 'n dekade later “vereer” hierdie kritikus haar. Só 'n kritiese verskil kon binne 'n ander bundelverband verduur word, binne die opset van die huldigingsbundel klink dit vals. Veral wanneer 'n mens besef dat ánder bydraers geïgnoreer of oor die hoof gesien is. Dieselfde geld Ampie Coetzee, 'n skrywer wat eweneens nie langs dieselfde literêre vuur as Botha sit nie. Al my besware dui op 'n ernstige wanpraktyk – een wat die uitgewer kón regstel deur 'n ánder kritikus te nader ten einde die oorgesienes in 'n ander bundel te huisves. Dit sou sekerlik die *mens* Elize Botha hierdie verleentheid gespaar het.

Nadat die kritiese leser al hierdie kwessies in ag moes neem, is die lees van hierdie literêre eerbewys alreeds 'n mindere ervaring. Nie al die bydraes is ewe gesaghebbend, boeiend óf tydloos nie. Elsa Nolte se skitterende “Sonde met die postmodernisme” verdien 'n spesiale vermelding. Dis knap geformuleer ('n lid van die Grové-gesin is darem gevra, al is die vader, A.P. Grové, nie hier nie. . .), dit getuig van belesenheid en 'n sin vir die komiese. In voetnoot nommer 15 skryf Nolte: “Die woord het prof. Elize Botha in 'n gesprek met my gebruik”. 'n Erkenning dus van Elize Botha se mentor-status, en haar ewige bereidwilligheid om met ander in gesprek te tree. Inderdaad 'n lewe met woorde.

J.P. Smuts se “Veelheid en ontbinding” skiet 'n bietjie te kort omdat die skrywer nie tuis is in die denke van dekonstruksie nie. Die interessante poging om Botha se doktorsale proefskrif *Veelheid en binding* teoreties op te dateer, misluk omdat die skrywer van Chatman se semiotiese kommunikasie-model spring na die dekonstruksiekritiek sonder genoegsame voorbereiding. Nêrens in die bibliografie vind die leser ook 'n verwysing na Derrida nie.

Dit sou op die duur 'n fasiele proses wees om elke bundel te (wil) evalueer volgens 'n goed-beter-beste-resep. Daarom word daar eerder volstaan met die behandeling van tendense. Botha is 'n bekende prosakritikus en al die stukke lewer 'n bydrae tot die prosakritiek. Dit is in die algemeen gesien hoogs leesbare, stewige opstelle ('n woord waarvoor Botha immers lief is) en sekerlik 'n bundel wat die prosadosent met groot vrug aan die studente sal kan voorskryf; hiate ten spyt.

Die oorwegende indruk wat hierdie bundel laat, is dat die verskillende kritici kennis geneem het van die veranderende wêreld. Die homoërotiek, die feminisme, die patriargale (Afrikaner)orde, die dekonstruksie, die psigoanalise, die semiotiek en so meer word telkens in verskillende stukke beskou. Ja, selfs die modewoord postmodernisme maak hiër sy (haar?) verskyning.

'n Mens sou stellig moet kyk hoeveel van hierdie bydraes getuig van 'n "singewende interpretasie", daardie soort analise of bespreking waarvan Elize Botha se prosakronieke altyd getuig (het). Soos wat Brink beskou kan word as die kritikus wat die beste voëlvlug van 'n dekade kan gee, is Botha veelal bekend vir haar briljante parallele met ánder bekende Britse, Amerikaanse voorbeelde. Terselfdertyd: welke ánder prosakritikus kon al met soveel intelligensie na ons ouer Afrikaanse tekste kyk en self verbande aanstip tussen Etienne Leroux (*Sewe dae met die Silbersteins*) en J. Lion Cachet (*Sewe duiwels*)? Elize Botha kan selfs 'n leser boei met 'n lesing oor Van Bruggen.

Die fyn stilis Hennie Aucamp ondersoek die "annerster" soort verbeelding by I.D. du Plessis, ons eerste (?) homoërotiese skrywer. Aucamp konkludeer hier heel tereg, en in aansluiting by dit wat ek meen Elize Botha se prosapraktyk ook deur die hele loopbaan geïllustreer het:

Op stuk van sake is avontuurlik lees nie beperk tot gekanoniseerde tekste nie.
(p. 27)

Vir Aucamp gaan dit in hierdie essay om die skromelike verontagsaming van ons "amptelike kritiek". Goed, enige kritiek is sékerlik berug vir sy miskenning, ontkenning óf onderskatting van belangwekkende tekste, maar ek dink Aucamp moet gelyk gee: die Afrikaanse letterkunde het die afgelope dekade heelwat gedoen met die bevordering van die marginale teks wat buite die kanon lê. Terselfdertyd kom hierdie spanning tussen kanon en marginale teks ook neer op 'n delikate balans: die een voed die ander, maar in die wedersydse definiëring van elkander móét ons steeds weet wanneer ons met die kanon werk en wanneer met randverskynsels. Vanselfsprekend het die "ontsluitingsmoontlikhede wat nuwe benaderingswyses tot die letterkunde inhou" (in Aucamp se woorde op bladsy 27) interessante studiehoeke tot gevolg, maar hierdie kritikus is nie altyd so seker dat die demokratiseringsproses vir die letterkunde en die kritiek goeie gevolge inhou *indien* 'n mens nie erken dat Van Wyk Louw 'n beter skrywer as die gay Piet Pompies is nie. Vermoedelik het die literêre teorie nog nie genoegsaam aandag gegee aan die praktiese effek van die sogenaamde demokratiseringsproses op die kritiek nie. Maar enige essay wat sóveel kanttekeninge ontlok, is relevant; en Aucamp is soos ons almal weet seer sekerlik een van die voortreflikste stiliste in Afrikaans.

Dit het tyd geword om 'n nuwe diskoers te bring, skryf Ampie Coetzee in "Heer en knegskap in enkele Suid-Afrikaanse prosatekste, vanuit 'n nasionale perspektief".

Maar van 'n nuwe diskoers is hier nie eens naastenby sprake nie. Coetzee agiteer in sterk Marxiaanse clichés en beweer: "Diegene wat glo dat ons nie die toekoms met apartheid kan binnegaan nie, dat die teenoorgestelde van

apartheid eenheid is; dat staatkundige eenheid dan ook kultureel betekenis hoort te hê, sal begryp dat letterkundes apart bestudeer, apart gekanoniseer, apart in hulle verhouding tot die Suid-Afrikaanse werklikheid, 'n onvolledige beeld van ons kultuur sal wees" (p. 48).

Waarom? Die Europese kultuurwêreld beleef immers ook *aparte* letterkundes en dit dui nie op diskriminasie óf miskenning van 'n bepaalde letterkunde nie. Daar is dus reeds binne die Suid-Afrikaanse werklikheid 'n gesprek óf dialektiek aan die gang en die ontkenning of miskenning van verskille klink vir my post-Berlynsemuurseval 'n bietjie naïef op. Dit was Van Wyk Louw wat in 1957, in 'n huldigingspraatjie by geleentheid van Gerrit Dekker se sestigste verjaarsdag oor Radio Hilversum, die volgende gesê het:

dat dit (nie) die literatuurwetenskaplike se taak (is) om met elke nuwe mode saam te draf nie: hy hoef nie tamboerslaner vir nuwe bewegings te wees nie.
(p. 136)

En alhoewel die meeste bydraes in hierdie versamelbundel getuig van 'n belesenheid in en bekendheid met die jongste modes en skole vind ons ook "outydse" bydraes of konvensionele literatuurgeskiedenis, soos J.C. Kannemeyer se "Die skinderstorie rondom die *Sekelmaan*"; 'n hoofstuk uit sy belangwekkende *Die dokumente van dertig*. Kannemeyer is 'n voortreflike literêre speurder en hierdie speurtog is vir die leser 'n boeiende ervaring.

5

Beide Charles Malan en H.P. van Coller is eweneens weggelaat uit *Lewe met woorde*, ofskoon húl huldigingsbundel *Vanweë die onbewuste* (vir Etienne Leroux) eweneens nie van 'n literêre broederskap vry te spreek is nie. Hierdie bundel het in 1987 verskyn, dit wil sê, vóór Elize Botha s'n. Henriette Roos skitter hier in haar afwesigheid, sodat 'n mens begin wonder oor die literêre politiek by háár keuse.

Dit is 'n dunnerige bundel met slegs elf bydraes vir 'n gedugte *oeuvre* soos Leroux s'n. Dan pas die titel ook nie juis by die *essays* nie, omdat *Vanweë die onbewuste* 'n meer psigoanalities-gerigte studie veronderstel en ons hier ook konvensionele Lerouxiaanse interpretasies kry oor die kommunikasie van ironie, narratologiese struktuur, die parodie, betrokkenheid, en so meer.

'n Mens mis hier die name van André P. Brink en J.C. Kannemeyer, beide gedugte Leroux-lesers, hoewel die voorwoord iets sê van 'n paar kenners wat weens omstandighede (man en perd asseblief) nie kon bydra nie.

Elize Botha onderskei haar hier as die boeiendste Leroux-leser (hoe dan anders? Sy het immers lank voor almal sy relevansie én grootsheid besing) in "Die hart is in die fees – 'n aspek van intertekstualiteit in die romans van Etienne Leroux". Sy noem dit so 'n bietjie self-misprysend "'n klein inventaris van feeste in die romans van Etienne Leroux", terwyl die leser al te duidelik weet: dit getuig van 'n verstommende belesenheid in dié skrywer se *oeuvre*.

Ook die skrywers van hierdie artikels is een en almal met die literêre teorie geslaan, of immers, die wete van die bestaan van literêre teorie wat veral

sedert die begin-tagtigerjare die Afrikaanse letterkunde méér gesofistikeerd en wetenskaplik gemaak het. In Heilna du Plooy ("Enkele aspekte van die narratologiese struktuur van 18-44") se woorde: "Om 'n teks te lees in die tagtigerjare van die twintigste eeu is glad nie 'n ongevaarlike onderneming nie. Baie teorieë en nog meer terme het die gevolg gehad dat die dagtaak van die akademiese literatuurleser vol slaggate is. Kennis van die groot aantal literêre teorieë het daartoe gelei dat 'n mens nie meer teoreties onskuldig kan lees nie. En na Derrida kan 'n mens nooit weer onskuldig van jou teoretiese skuldigheid lees nie" (p. 23). Waar woorde, wat verál op Leroux se *oeuvre* van toepassing gemaak kan word, want as daar één skrywer is wat deur die jare sy (kritiese) lesers op hul teoretiese tone gehou het, is dit Etienne Leroux. *Op weg na Meergevonden*. Al moet 'n mens 'n bietjie ontstig word deur 'n stelling soos die volgende: "Hulle sou later deur die aartsketter Derrida onthuts word toe hy oortuigend betoog het dat daar niks buite die teks is nie" (Charles Malan in "Die krisis van die subjek in die soektog na betekenis", p. 57). Wáár het Derrida dit gesê en van *wanneer* af is hy 'n aartsketter? J.P. Smuts besondig hom aan dieselfde soort literêre naamgooiery in sy artikel in *Lewe met woorde*.

Wat opvallend is in hierdie studie is hoé ouer tekste – 18-44, *Die mugu, Sewe dae by die Silbersteins* – as 't ware heraktiveer word deur die nuwe teoretiese insigte.

Maar: ongelukkig, soos in die geval van Malan se stuk, is daar nie altyd eweveel teoretiese helderheid nie omdat 'n mens die gevoel kry dat skrywers dikwels binne 'n diskoers skryf sonder om werklik die implikasies van 'n bepaalde model te begryp. Wanneer Malan dus iets soos die volgende sê, klink dit nie juis nie: "Hoewel die postmodernistiese kritiek op die Westerse metafisika welbekend is, word enkele kernargumente vir die doel van hierdie betoog saamgevat. Derrida sien teenwoordigheid, 'presence', as die kernaspek in die Westerse metafisika wat hy logosentrisme noem" (p. 61). 'n Mens weet wat Malan probeer sê, maar dit is alles darem net te oorvereenvoudigend, te opsommend om te praat van die postmodernistiese kritiek as sou dit gelyk te stel wees aan dekonstruksiekritiek.

Toegegee: hierdie studie het verskyn voordat daar 'n postmodernistiese konferensie was wat verduidelik het: dekonstruksie is 'n skool, postmodernisme 'n klimaat/beweging. Maar alles word darem net te glad en glibberig in dié artikel opgesom. En nie net Charles Malan is hieraan skuldig nie.

Verder word die Afrikaanse kritiek daarvan beskuldig dat dit by Leroux te veel op die logosentriese argitektuur van die romans (pp. 66-67) gekonsentreer het. Dis eweneens nie juis nie, omdat vele skrywers tóg deur die jare in staat was om 'n ironiese boodskap te ontsluit. 'n Mens wil graag alle skrywers van artikels versoek om voortaan die datum van voltooiing by 'n stuk te plaas; dit kan beslis verhelderend inwerk op die leesproses. Iets soos post-2 Februarie 1990, of pre-Parys 1968 het 'n invloed op ons interpretasie- of leesstrategieë.

George Weideman se "Leroux se boereverneukery – enkele gedagtes oor *Onse Hymie* as parodie" lees vlot en is seker dan ook, soos die skrywer hiervan verskonend sê, 'n "vrysinnige en vrywel bevooroordeelde interpret-

tasie" (p. 82). Ondertussen het daar egter soveel belangwekkende studies oor die parodie verskyn – waarvan Linda Hutcheon se *A poetics of postmodernism* (1988) die seminaalste is – dat hierdie leser nie altyd die gevoel het dat Weideman heeltemal *au fait* met dié modus van ons tyd is nie. Parodie is helaas 'n meer komplekse begrip.

En dit geld helaas die meeste van hierdie artikels. Die tyd het hulle ingehaai vanweë die literêre teorie se blitssnelle ontwikkeling (en nie vanweë die onbewuste nie). Alles is net te patroonmatig, te struktuurgebonde, maar insgelyks artikels wat die literatuurstudent tot parate kanttekening sal inspireer.

6

Merwe Scholtz het in 1989 sestig-vyf geword. Skerpsinnig, polemies, 'n voortreflike stilis – dit is alles attribute wat deur die jare aan die kritikus Merwe Scholtz toegeskryf is, al het hy darem as teoretikus min gepubliseer: 1950 sy doktorsale proefskrif (*Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise: Die townares*); 1955 sy studie met Hellinga (*Kreatiewe analise van taalgebruik: prinsipies van stilistiek op linguistiese grondslag*); en alleen maar twee versamelbundels, in 1975 *Herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle*) en 1978 (*Die teken as teiken: opstelle oor beduidende Afrikaanse literatuur*). Daar was darem ook inleidings tot Boerneef, Leipoldt, 'n omstrede versorging van A.G. Visser en 'n versorging én inleiding van Gustav Preller se geredigeerde weergawe van *Joernaal van 'n trek: Uit die dagboek van Erasmus Smit* in 1981.

Scholtz sou egter in die tagtigerjare 'n mindere rol vertolk as literator (ten spyte van die verspreide essays in tydskrifte onder meer oor Cussons, De Vries, Cloete, en so meer) vergeleke met sy dominante rol van vroeër; én as mens in gedagte hou welke dinamiese rol sy tydgenoot Elize Botha byvoorbeeld in hierdie dekade speel. Ook T.T. Cloete was 'n meer prominente letterkundige as Scholtz. Word hierom 'n opstel van sy befaamde kollega W. Gs. Hellinga uit 1962 (!) opgeneem?

Ironiese woorde. Insgelyks 'n ironies gedateerde lofrede wat miskien tóe waar was, maar Scholtz het nooit weer die hoogtes bereik waarvan Hellinga hier praat nie. 'n Mens weet selfs by die lees van die inleiding tot A.G. Visser dat Scholtz nie heeltemal nuwe uitgangspunte onder die knie het nie. Om vandag te wil sáám-lees, veronderstel 'n opdatering van kennis waarvan Scholtz se jongste bydraes ongelukkig nie getuig nie.

7

Die huldigingsbundel vir Scholtz is die mees omvangryke van die tekste onder bespreking. Dis ook dan die bevredigendste bundel omdat, soos dit hoort met sulke bundels, skrywers én literatore hul lof op die altaar lê. Net jammer dat M.M. Walters se "Satire 21 – Vir Merwe" enigsins wansmakig is binne die opset van só 'n bundel: sy insinuasies na Henning Snyman en jong digters grens aan die lasterlike en hoort werklik nie hier nie. Maar dit is op die redakteurs se rekening: óók die feit dat beide Henning Snyman en Lydia

Snyman (Pienaar) nie hier teenwoordig is nie. Laasgenoemde literator is nie eens gevra nie. Dit begin nou bykans resepmatig raak: in elke bundel word 'n naam gemis, 'n intrige vermoed.

Bekende letterkundiges én taalkundiges neem deel aan hierdie bundel. Van Scholtz se oud-studente soos E.C. Brits, Johan Combrink, Wilhelm Liebenberg, Helize van Vuuren, die Van Zyls en Louise Viljoen is hier aan die woord. Vriende en tydgenote soos Elize Botha, Stoffel Nienaber, R.H. Pfeiffer, Réna Pretorius, Edith H. Raidt, F.I.J. van Rensburg, en so meer word insgelyks hier aangetref. Die knap teoretikus Ina Gräbe is hier aan die woord oor Jeanne Goosen se *Louoond*.

Die bundel is 'n bonte mengelmoes wat onder meer die Bybel, *Lucifer*, Nijhoff, Marais en Cloete se poësie behels. Dus dan ook 'n hoogs voorskryfbare en leesbare bundel. Nogmaals 'n bewys dat ons Afrikaanse letterkundiges nie vir die Nederlanders hoef terug te staan nie; veral gedagtig aan die feit dat die meeste hier Nederlands geskool óf Neerlandici is.

Vir my is 'n artikel interessant mits dit leesbaar, goed geargumenteer, of selfs polemies is. Hierdie bundel het vele sulke, kan ons maar sê *relevante*, artikels. 'n Mens moet immers jou leesstrategie kan toets teen iemand anders se skryf-/leesstrategie en ons kritiek is post-Merwe Scholtz en miskien ook E. Lindenborg net té onpolemies van aard.

P.A. du Toit se lesing "Sluier of web. En agter die sluier. . . Abraham de Vries se Bruid-verhaal" verwys onder meer na Roland Barthes se *lisible/scriptible*-beginsel uit *S/Z* (1970/1974), maar dit word tweedehands behandel via Jonathan Culler, Barbara Johnson (in Culler!) en Viljoen. Sulke literêre smouswerk is onaanvaarbaar, juis omdat argumente met 'n oordrag verkeerd- of skeefgetrek raak.

En omdat 'n mens tweedehands begin lees, raak opmerkings soos verskeie kritici se opvatting dat metafiksionaliteit dié onderskeidende kenmerk van die postmodernisme is (p. 79) net te vaag en dít terwyl die ingeligte leser weet dat 'n groot skare kritici weer die parodie as dié onderskeidende kenmerk beskou (Hutcheon, Waugh, Nabokov, Brink, en so meer). Tēn slotte beskik Du Toit nie oor die *flair* van Roland Barthes om die komplekse De Vries-verhaal enigsins te ontsluit óf te differeer nie.

Helize van Vuuren se "‘Springbokke’ van D.J. Opperman: 'n anatomie van Suid-Afrikaanse misère" is geskryf na aanleiding van 'n private gesprek met Opperman; tog bly die stuk 'n iets voorspelbaar en selfs "much ado about nothing". Met haar meerdere kennis van die narratologie boei Dorothea van Zyl in haar herlesing van *Bart Nel* ("Van Melle se Fransina Nel: objektiwiteit of lesersmanipulasie"), terwyl haar man, Wium van Zyl, op 'n leesfout in die kritiek wys ("Onkenbaarheid en die oorlog in W.F. Hermans se *Herinneringen van een engelbewaarder*"). Louise Viljoen kom tot interessante gevolgtrekkings oor die effek van metafiksie in 'n Koos Prinsloo-verhaal, naamlik dat die spel eintlik die seksuele politiek verhuul. Die skrywer steek as 't ware sy behepthede weg deur die leser se aandag af te trek met die fokus op die wyse van vertelling ("Werklikheid en fiksie in Koos Prinsloo se verhaal: 'In die kake van die dood'"). Wyle Stoffel Nienaber wys *sotto voce* op die bedrog

én kundigheid met die samestelling van bloemlesings (“Die lees van blomme”).

Rouston Gilfillan skryf ’n baie goeie artikel oor Marthinus Nijhoff se belangstelling in die Dekadentisme (“Marthinus Nijhoff en Aubrey Beardsley”), terwyl Wilhelm Liebenberg se stuk omstrede is in die ónthulling van “versweë” informasie óf ouer kritiese lesers se onvermoë om ironies te lees (“Van stilistiek tot ideologiekritiek”). Hierdie kritikus se beheptheid met ideologiese verskille én ’n soort ideologiese uitvangspeletjie begin op die lange duur voorspelbaar raak. Ironies genoeg begin die skrywer al uit sy eie vorige uitsprake aanhaal om ’n standpunt te verstewig. Dan lees Réna Pretorius ook hoe Job ’n interteks word in Cloete se poësie (“Job se gefluister in die poësie van T.T. Cloete”) terwyl nog ’n handvol ander skryf oor die taalkunde én letterkundige kwessies.

8

Alles is nie wel met ons huldigingsbundels nie. Die hulsels van kristal word dikwels hulsels van plastiek. Die literêre politiek of literêre kliëks by sodanige samestellings doen afbreuk aan die status van die jubilaris. Verder gee dit op sy minste ’n skeefgetrekte beeld van die literêre tydvak. ’n Mens wil aan die hand doen dat uitgewers op onafhanklike keurders moet besluit ten einde die verleentheid én kwade gevoelens gespaar te bly.

Aantekeninge

1. Ek bedoel hier Spies as digter. Lina Spies lewer wel ’n kritiese bydrae, maar waarom is sy nie gevra om ook ’n vers te skryf nie?

Verwysings

- Barthes, R.
1970/1974 *S/Z*. New York: Hill & Wang.
- Ester, Hans & Lindenberg, Ernst (reds.)
1990 *Uit liefde en ironie: Libor Amicorum*. Kaapstad: Human & Rousseau/Tafelberg.
- Gilfillan, Rouston & De Vries, Abraham
1989 *Op die wyse van die taal*. Kaapstad: Vlaeberg.
- Hutcheon, Linda
1988 *A Poetics of Postmodernism*. New York: Routledge.
- Kannemeyer, J.C.
1990 *Die dokumente van dertig*. Kaapstad: Jutalit.
- Leroux, Etienne
1959 *Die mugu*. Kaapstad: Haum.
1962 *Sewe dae by die Silbersteins*. Kaapstad: Human & Rousseau.
1967 *18–44*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Lion Cachet, J.
1973 *Sewe duiwels en wat hulle gedoen het*. Kaapstad: Tafelberg.

- Louw, N.P. van Wyk
1986 Die "mens" agter die boek. In: *Versamelde prosa* 1. Kaapstad: Tafelberg.
- Malan, Charles & Van Coller, H.P. (reds.)
1987 *Vanweë die onbewuste*. Pretoria: Haum-Literêr.
- Nienaber-Luitingh, M.
1975 *Ter wille van die edel spel*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Opperman, D.J.
[1953] 1962 *Digters van dertig*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Roos, Henriette (red.)
1990 *Lewe met woorde*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, Merwe
1950 *Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise: die townenares*. Kaapstad: Haum.
- 1975 *Herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle*. Kaapstad: Tafelberg.
- 1978 *Die teken as teiken: opstelle oor beduidende Afrikaanse literatuur*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, Merwe & Hellinga, W. Gs.
1955 *Kreatiewe analise van taalgebruik; prinsipes van stilistiek op linguistiese grondslag*. Pretoria: Van Schaik.

Kommentaar/Response*

* Die ietwat ongewone hantering van prof. Hambidge se resensie-artikel oor vier huldigingsbundels – naamlik om kommentaar daarop in dieselfde nommer as die artikel te plaas – verg 'n kort verduideliking van die prosedure wat deur die redaksie van *TLW* gevolg is. Weens die problematiek rondom huldigingsbundels wat van tyd tot tyd in die populêre pers opgeduik het, is prof. Hambidge deur die resensie-redaktrise genader om 'n aantal huldigingsbundels, wat in die afgelope paar jaar in Afrikaans verskyn het, te resenseer. Volgens redaksionele beleid is die resensie-artikel aan vakkenners voorgelê vir beoordeling en die referentverslae daarna aan die outeur beskikbaar gestel met die oog op moontlike hersiening of bywerking. Die outeur het verkies om nie die oorspronklike bydrae te wysig nie en die redakteurs het besluit om, steeds volgens die redaksionele beleid van die tydskrif, die meerderheidsbeslissing van die referente te eerbiedig en die bydrae as *resensie-artikel* in *TLW* te plaas. Hiermee het die redakteurs probeer om aan die gebruikelike verpligting rondom "subsidiedraende" bydraes te voldoen, naamlik om toe te sien dat artikels of resensie-artikels wat in geakkrediteerde tydskrifte geplaas word wel behoorlik vooraf deur vakspecialiste geëvalueer word.

Aangesien die redakteurs graag sou wou sien dat die "gesprek oor huldigingsbundels" verder gevoer word, is 'n uitnodiging aan alle samestellers van die genoemde huldigingsbundels gerig om kortliks op prof. Hambidge se resensie-artikel te reageer. Slegs twee samestellers het van die geleentheid gebruik gemaak om kommentaar te lewer, terwyl die ander verkies het om nie te reageer nie: óf omdat die resensie-artikel nie eintlik die bundel waarvoor hulle verantwoordelik was voldoende betrek het nie; óf omdat hulle

nie daarin geïnteresseerd was om op die betrokke artikel kommentaar te lewer nie.

Die redakteurs deel die mening hieronder uitgespreek dat die eintlike gesprek oor huldigingsbundels nog nie werklik begin is nie. Ons rig hiermee aan alle lesers van *TLW* 'n ope uitnodiging om aan hierdie gesprek deel te neem en herhaal hiermee die motivering vir die versoek wat aan die samestellers gerig is: *Die redakteurs se doel met sowel die plasing van die resensie-artikel as die uitnodiging aan samestellers om kommentaar te lewer, is om 'n forum te bied waar die hele "debat" aangaande die wenslikheid en/of lewensvatbaarheid van huldigingsbundels, wat van tyd tot tyd in die pers gevoer word, hopelik op 'n meer "wetenskaplike" en "beredeneerde" wyse gevoer sou kon word.* Ons hoop dat ons met die plasing van die resensie-artikel en die kommentaar daarop ten minste 'n prikkel verskaf het vir verdere bespreking van 'n saak wat dieper (behoort te) sny as "kleinlike literêre politiekery".

Redakteurs

Gesprek oor huldigingsbundels het nog nie begin nie

Abraham H. de Vries

Die redakteurs van *JLS/TLW* het vir my gevra om te reageer op prof. Hambidge se resensie-artikel, om sodoende die debat oor huldigingsbundels se "wenslikheid en/of lewensvatbaarheid" verder te voer. Nie een van die ter sake probleme (eties/kritiek, ens.) word egter in die artikel behoorlik aan die orde gestel nie.

1. Prof. Hambidge se belangrikste probleme met dergelike huldigingsbundels is skynbaar die seleksie van die medewerkers – sy vermoed telkens literêre politiek, selfs intrige by die samestellers. Wat die Scholtz-bundel in die besonder betref, het sy probleme met die lofrede van Hellinga oor Scholtz se "hoogtes" en die feit dat niemand skryf oor Scholtz se "mindere rol as literator" (dixit Hambidge) in die tagtigerjare nie. Die res is haar eie kursoriese menings oor artikels.

2. Haar belangstelling in literêre politiek lei daartoe dat Hambidge op 'n vreemde manier resenseer: sy insinuer, sy skimp, sy vermoed, maar sy betoog nie helder en spel hierdie duistere vermoedens se inhoud nêrens volledig uit nie. Die gevolg van haar werkswyse is dat die leser buite die kring van vermoedens meestal nie weet waarvan sy praat nie. Die vraag oor wat hóórt in so 'n resensie bevraagteken sy nie goed genoeg nie.

3. 'n Huldigingsbundel is uiteraard 'n present. Dis boonop 'n present met beperkings (wat in die ekonomiese situasie nou al hoe erger word). Hambidge se ideaal van "alle vriende/kollegas/studente van die jubilaris" sal enige uitgewer herken as 'n onpraktiese droom. Tensy 'n kritikus kwade wil by 'n samesteller wil bewys met meer as net skimpe en vermoedens, of bona fides